

Gr.12 2020 PAT2: Kies tema

WEEK	DATUM	AFDELING
1	20 Maart	<p>1. Inhoudsblad</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Gebruik die <u>opdrag se naam as jou titel</u> en sit die afdelings en bladsynommers op jou inhoudsblad (onthou dat versierings by die tema moet pas.) Kies enige van 10 temas soos bespreek in die begin van die jaar: <input type="checkbox"/> My donker kant <input type="checkbox"/> Alternatiewe realiteit <input type="checkbox"/> Apocalypse <input type="checkbox"/> Droomwêreld <input type="checkbox"/> Rooi <input type="checkbox"/> Tyd <input type="checkbox"/> Fragile <input type="checkbox"/> Illusie <input type="checkbox"/> Chaos <input type="checkbox"/> My lewe <input type="checkbox"/> Aktiwisme <p>2. Konsep</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Plak jou <u>Opdrag</u> in. <input type="checkbox"/> Maak 'n mindmap (breinkaart) <u>waaroor jou konsep handel?</u> Wat is die kenmerke daarvan? Gee ook die definisies van die volgende onderwerpe: <i>stillewe, landskap, portretstudie</i> en <i>figuurstudie</i>. Jy mag self jou onderwerp vir hierdie taak kies. Jy moet jou keuse aantoon en motiveer hoekom jy dit kies. Wat beplan jy om te doen (watter visuele beelde wil jy gebruik en hoekom werk hierdie beelde met dit wat jy wil uitbeeld), verduidelik moontlike simboliek. As jy op A3 werk moet die konsep en breinkaart oor twee A3 strek.
2	28 Maart	<p>3. Navorsing</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Doen <u>Navorsing (A4)</u> oor <u>1 kunstenaar</u> wat 'n <u>direkte invloed</u> op jou <u>uitbeelding of tegniek</u> het. Skryf 'n <u>paragraaf van relefante biografiese inligting</u>: naam en van van kunstenaar, geboorte en sterfte datum, land van oorsprong, invloede op sy werk en stilistiese eienskappe van die kunstenaar. <input type="checkbox"/> Sluit <u>± 5 prente van nb werke</u> van hierdie kunstenaar in. <u>Ontleed elke werk</u> soos volg: die werk se naam, datum, media wat gebruik is om die werk te skep, wat het die kunstenaar gedoen en hoe is die kunstenaar beïnvloed (tegniek & styl) – DIT MOET IN JOU FINALE WERK REFLEKTEER! Min 2 A3 bladsye

3	5 April	<p>4. Mood page</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Kry baie visuele bronne (<u>prente & foto's</u>) van dít wat by jou konsep vir hierdie tema gaan pas. <input type="checkbox"/> Maak 'n <u>collage</u> van hierdie prente & foto's – geen wit spasies mag tussen die prente wees nie. <u>ELKE foto moet geannoteer wees</u>: skryf een sin by elke foto oor hoekom die foto by jou konsep pas. Dit kan sommer binne die foto geskryf word. Min 2 A3 bladsye <p>5. Paste Ups & Lynskets</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Besluit self op jou formaat: vertikaal OF horisontaal. Maak nou jou <u>4 Paste ups</u> vanuit fotomateriaal. Onthou: dit wat jy plak, is die rigting van jou finale konsep. <input type="checkbox"/> <u>Lynskets</u>: Op jou Lynskets moet jy jou konsep verduidelik deur om <u>eenvoudige byskrifte</u> te gebruik. Verduidelik simboliek, kleur, tegniek, fokuspunt en beweging hier. Min 2 A3 bladsye
4	13 April	<p>6. Detail Tekeninge</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> <u>Kies ± 6 gedeeltes van jou Paste ups of moodpage</u> wat vir jou interessant lyk. Teken hierdie gedeeltes op een A2 bladsy. Jy kan in verskillende groottes teken, solank daar GEEN wit spasies tussen die sketse is nie. Dit moet lyk soos een volledige skets – <u>toonwaardes en tekstuur moet hier ingesluit word</u> – gebruik jou arseringstegnieke. Elke skets moet ook 'n <u>agtergrond</u> hê. Slegs <u>monochromatiese media</u> word hier gebruik: <u>gryspotlood, houtskool en/of swart pen</u> (toonwaardes van swart, grys & wit). Min 2 A3 bladsye
5	20 April	<p>7. Media & Tegniek</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Jy moet <u>4 A5 studies</u> maak om verskillende <u>kleur media</u> en tegnieke te be-oefen. Neem 'n A3 en teken jou komposisie daarop. Verdeel dit in 4 ewegroot blokke. Doen elke studie in een <u>verskillende kleur media en tegnieke</u>: kleurpotlood, olie pastel, sagte pastel en/of akrielverf. <input type="checkbox"/> Onder aan elke studie moet 'n <u>kort paragraaf</u> met verduidelikende aantekeninge oor die tegniek/metode wees: watter media is gebruik, hoe word die media gebruik, voor- en nadele van die gebruik van elke media vir hierdie spesifieke opdrag. Min 2 A3 bladsye <input type="checkbox"/> Jy moet eksperimenteer met verskillende media asook verskillende tegnieke met een media. Onthou eksperimente tel punte al lyk dit nie soos wat jy wil hê nie. <input type="checkbox"/> Teken ten minste 35% van jou werksboek vol sketse oor jou tema, moet nie net paste ups en detail sketse doen nie teken oorals, dit tel baie punte.

6	27 April	<p>8. Tonale Tekening</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> 'n Skets het ALTYD 'n raam: <u>Skets jou hele Paste up</u> (konsep) <u>volledig</u> (toonwaardes & tekstuur) <u>met 'n agtergrond op 'n A2 papier</u>. Jou tonale tekening mag <u>slegs in EEN monochromatiese media</u> wees: <u>gryspotlood, houtskool OF swart pen</u>. GEEN GEMENGDE MEDIA. <input type="checkbox"/> <u>MOENIE NET JOU GEPLAKTE KONSEP HERHAAL NIE - VERWERK DIT VERDER EN MAAK DIT UNIEK!</u> Jy mag byvoeg/weg neem solank jy met dieselfde konsep werk. Min 2 A3 bladsye <input type="checkbox"/> <u>Hierdie is jou stap voor jy jou finaal gaan moet begin</u>. Waar is jou fokuspunt? Het jy dit tegnies duidelik gemaak? Werk jy met diepte of tonale waarde? Is jou werk verstaanbaar en interessant? Kan jy die kunswerk anders aanbied byvoorbeeld deel maak van 'n triptiek/ installasie/ digitaal?
7	04 Mei	
8	11 Mei	<p>9. Finale Werk</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Maak nou jou <u>finale werk in jou gekose medium</u>.
9	18 Mei	<p>10. Refleksie</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Die <u>Refleksie</u> skryf jy nadat jy klaar is met jou Finale werk. Kyk agter in jou skrif waaroor jy moet skryf. EEN A3 bladsy.

HANDIG PORTEFEULJE IN NIE LATER AS 18 Mei.

Onthou: Net harde werk gaan vir jou die punte gee wat jy verdien, hierdie is jou tweede laaste PAT. Hou aan om gereeld tyd te maak sodat jy nie jou PAT aframesel nie. Jou PAT's kan verseker dat jou punte goed sal lyk die einde van die jaar.

Sterkte!